

21 April

Skrifgedeelte: Genesis 1:26-28; 2:17-19; 3:17-19 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-4; 20:54-58 (OAV)

HK, Vraag 111

Werk asof jy vir die Here werk

Die agtste gebod *verbied* nie net diefstal nie, maar *gebied* ook getroue werk. Net nadat God die mens na sy beeld geskape het, het Hy aan die mens sy werksomskrywing gegee (Gen 1: 26-28): “Vul die aarde; onderwerp dit; heers daaroor ...”

Alle arbeid is dus arbeid in diens van God en sy koninkryk. Ons arbeid is om 'n bydrae te maak tot die opbou van die Here se aarde en ons doen dit as die Here se beelddraers.

Die eerste mens doen sy arbeid aanvanklik met groot vreugde, want daar was toe nog geen sonde nie. Die sondeval maak egter dat arbeid 'n straf en 'n vloek geword het. Die vreugde is nou uit die arbeid van die mens uitgehaal, want die mens werk hom letterlik dood (Gen 3:17-19)!

Genadiglik het die opstanding van ons Here Jesus Christus die angel uit die dood uitgehaal (1 Kor 15:54-58). Sy opstanding het ons verlos van die vloek wat op ons arbeid gerus het. Nou is die arbeid van 'n mens nie meer tevergeefs nie en kan ons oorvloedig wees in ons arbeid – uit dankbaarheid! Ons arbeid is arbeid in die Here. Ons arbeid het ewigheidsbetekenis gekry. Ook dankbaarheidsbetekenis.

Die Here roep ons om ons arbeid só te verrig dat ons in ons stoflike lewe ons naaste sal liefhê soos onself. Ek moet ook my naaste se belange beskerm en hom behandel soos ek behandel wil word. Ek moet in my arbeid my naaste ook in sy nood help. Só word jou arbeid *arbeid in die Here*.

Is jou werkverrigting ook *arbeid in die Here* in dankbaarheid dat Hy jou verlos het van die vloek oor arbeid deur sy sterwe en opstanding? Onthou jou *arbeid in die Here* is nie tevergeefs nie – dit is dankbaarheids- en ewigheidswerk in diens van die Here!

Sing: Skrifbelyning 17:5, 6 (1936-Belyning)

Ds. AH Stavast (Hennenman/Ventersburg/Senekal)

~~~~~